# WYSHEID _1
## Job 28:1-19

TEMA: **WAT IS WYSHEID**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: JOB 28:1-19

**Job 28:1 Want vir die silwer is daar 'n plek waar dit uitkom, en 'n plek vir die goud wat hulle uitwas.**

**Job 28:2 Yster word uit die grond gehaal, en koper word uit klip gegiet.**

**Job 28:3 'n Einde maak die mens aan die duisternis, en tot die uiterste grens deursoek hy die klip van donkerheid en doodskaduwee.**

**Job 28:4 Hy breek 'n mynskag, wég van hom wat bo woon; hulle wat vergeet is deur die voet daarbo, hulle hang ver van mense af, hulle swaai heen en weer.**

**Job 28:5 Die aarde—daar kom brood uit voort, maar daaronder word dit omgewoel soos deur vuur.**

**Job 28:6 Die klippe daarvan is die plek van saffiere, en dit bevat stoffies van goud.**

**Job 28:7 'n Pad wat die roofvoël nie ken nie, en die oog van die valk het dit nie gespeur nie;**

**Job 28:8 waar die trotse roofdiere nie op trap nie, waar die leeu nie oor stap nie.**

**Job 28:9 Hy slaan sy hand aan die klipharde rots, hy woel die berge van die wortel af om.**

**Job 28:10 In die rotse breek hy gange uit, en sy oog sien allerhande kosbare dinge.**

**Job 28:11 Hy stop waterare toe, dat hulle nie drup nie; en wat verborge was, bring hy aan die lig.**

**Job 28:12 Maar die wysheid—waar word dit gevind? En waar is die plek van verstand?**

**Job 28:13 Die mens ken nie die waarde daarvan nie, en dit word in die land van die lewende nie gevind nie.**

**Job 28:14 Die wêreldvloed sê: In my is dit nie; en die see sê: By my is dit nie.**

**Job 28:15 Fyn goud kan daarvoor nie gegee word nie, en geen silwer as koopprys daarvan afgeweeg word nie.**

**Job 28:16 Die goud van Ofir weeg daar nie teen op nie, ook nie die kosbare onikssteen en saffier nie.**

**Job 28:17 Goud en glas kan daarmee nie vergelyk word nie, en vir goue voorwerpe ruil 'n mens dit nie.**

**Job 28:18 Korale en kristal kan nie genoem word nie, en die besit van wysheid is meer werd as korale.**

**Job 28:19 Die topaas van Kus kan daarmee nie vergelyk word nie, suiwer goud word daarteen nie opgeweeg nie.**

-o0o-

Laat my toe om vir julle manna te breek soos die Here dit op my hart gelê het. Ek wil met julle gesels rondom 'n term wat baie kosbaar is. Dit is 'n kosbare element in die raadsplan van God vir die ewigheid.

Dit is 'n klein woordjie, maar met soveel krag. Dit is die woordjie **wysheid.**

- Wat is wysheid?
- Wat beskou julle as wysheid?

-o0o-

- Wie is ‘n wyse mens?
- Hoe sal julle vandag die samestelling (uiteensetting, uitleg) gee van wysheid?
- Wat sien julle as wysheid?

Gestel ek sou vir julle sou vra om vir my ‘n voorbeeld te gee van wyse mense in die lewe wie sal julle sê, is volgens julle kennis en oordeel wyse mense en volgens dit wat julle van wysheid weet? Oordink net eers vir ‘n rukkie oor hoe julle wysheid sal opsom.

**NAOMI**

Een van die vrouens in die Bybel, na wie die Bruid van Christus Jesus verwys, is die vrou Rut. Sy het ‘n skoonmoeder gehad met die naam van Naomi.

- Naomi is ‘n sinnebeeld van die Gees van Wysheid.

**SEWE GEESTE VAN GOD**

In Jesaja 11 en ook in Openbaring, praat die Bybel van die sewe Geeste van God. Die sewe Geeste van God word ook gesimboliseer in die sewe arms van die kandelaar of Menora. Die Menora is ook die embleem van Israel.

**Jesaja 11:2 en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.**

**Openbaring 4:5 En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand;**

**Open 5:6 En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar ‘n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde**

**Die *sewe Geeste van God* waaruit God funksioneer volgens Jesaja 11:2 is**:

- Gees van Kennis
- Gees van Raad
- Gees van Wysheid
- Die Gees van die Here
- Gees van Verstand
- Gees van Sterkte
- Gees van Vrees vir Here

Dit is ook die sewe raadsmanne, wat die koning vir Esra gegee het, toe die koning vir Esra gesê het om die tempel te gaan herstel. **(Esra 7:14).** Daardie sewe raadsmanne is die sewe geeste van God, wat nou in hierdie dae uit die Bruid van Christus funksioneer.

Dit is daardie raadsmanne, Geeste van God, wat die Bruid help om die Koninkryk van God verder te vat, wat Christus op aarde kom vestig het. So word die Koninkryk van God gestabiliseer en standvastig gemaak om na die ewigheid toe te gaan.

- Dit is ‘n plan vir die ewigheid waaraan die Almagtige ons almal betrokke wil maak.

Die **Gees van Wysheid** is die enigste een van die sewe Geeste, waarvan daar in ‘n **vroulike vorm** in die Bybel gepraat word. Dit is waarom daar in Spreuke 9:1 gepraat word van Wysheid wat haar huis gebou het. Dit het niks te doen met geslag nie. Dit is ‘n vroulike vorm waaruit daar gepraat word en dit is waarom Naomi ‘n verwysing is na die Gees van Wysheid.

Rut, die Bruid, het eers vir Naomi geraadpleeg voordat sy enige iets gedoen het. Sy het Boas, wat natuurlik ‘n tipe van Christus is, se Bruid geword en een geword met hom.

-o0o-

- Boas is ‘n tipe van Christus.
- Rut is ‘n tipe van die Bruid.
- Naomi is ‘n tipe van die Gees van Wysheid.

Die Gees van Wysheid sal die Bruid in die laaste dae lei oor:
- hoe om uiteindelik een te kan word met Boas die Bruidegom,
- sy erfporsie te kan ontvang,
- mede-erfgename te kan word en
- heerskappy (regeringskap) te ontvang in die ewigheid.

My vraag aan julle was, wat wysheid is en wat julle as wysheid beskou. Die meeste mense sou vir my ‘n paar mense genoem het wie in hulle oë baie bereik het in die lewe.

Herodus het homself ook op ‘n stadium as ‘n wyse man beskou. Hy het gespog oor sy rykdomme en wat hy kon bereik het. Hy het baie aardse wysheid gehad, deur al hierdie dinge te kon doen, want hy was ‘n ingenieur. Hy het ‘n ingenieursbrein gehad. In vandag se term, of die menslike term, sou ons ook seker gesê het dat hy ‘n wyse man was maar dit gaan nie oor wat ek en jy sê nie. **Dit gaan oor wat God van my sê**. Ons moet aanpas by wat God in Sy Woord sê van ‘n saak.

- Dit het niks te doen met aardse omstandighede nie.
- Dit het alles te doen met wat in die ewigheid weggelê is vir my en hoe ek hier op aarde moet begin lewe.

## 1. AARDSE WYSHEID

Ek deel graag met julle Job 28.

**Job 28:1 Want vir die silwer is daar ‘n plek waar dit uitkom, en ‘n plek vir die goud wat hulle uitwas.**

**Job 28:2 Yster word uit die grond gehaal, en koper word uit klip gegiet.**

**Job 28:3 ‘n Einde maak die mens aan die duisternis, en tot die uiterste grens deursoek hy die klip van donkerheid en doodskaduwee.**

Die mense wie mynbou situasies verstaan, sal presies weet wat hy hier bedoel.

**Job 28:4 Hy breek ‘n mynskag, wég van hom wat bo woon; hulle wat vergeet is deur die voet daarbo, hulle hang ver van mense af, hulle swaai heen en weer.**
**Job 28:5 Die aarde—daar kom brood uit voort, maar daaronder word dit omgewoel soos deur vuur.**
**Job 28:6 Die klippe daarvan is die plek van saffiere, en dit bevat stoffies van goud.**
**Job 28:7 ‘n Pad wat die roofvoël nie ken nie, en die oog van die valk het dit nie gespeur nie;**
**Job 28:8 waar die trotse roofdiere nie op trap nie, waar die leeu nie oor stap nie.**
**Job 28:9 Hy slaan sy hand aan die klipharde rots, hy woel die berge van die wortel af om.**
**Job 28:10 In die rotse breek hy gange uit, en sy oog sien allerhande kosbare dinge.**
**Job 28:11 Hy stop waterare toe, dat hulle nie drup nie; en wat verborge was, bring hy aan die lig**

*Wysheid kan nêrens gevind en met geen skatte gekoop word nie***.**
Hierdie hele gedeelte vanaf vers 1 tot 11 is seker ‘n toonbeeld van perfekte ingenieurswese. Hier word breedvoerig beskryf van hoe die mens in die aarde af gedaal het. Die ***stoffies van goud***, saffiere, koper en alles in die aarde wat die voëls ***nie ken nie*** en wat God verborge gehou het, ***bring hy aan die lig***. As gevolg van die kennis en die wysheid van die mens, kon hy hierdie plek wat God toe gemaak het in die aarde, ***wat verborge was***, betree, oopmaak en opbring, sodat dit hom kon verryk.

-o0o-

As ons hierdie gedeelte lees, kan ons sê dat daar soveel wysheid ter sprake is hier. Hulle moes skagte sink. Hulle moes gange en tonnels maak. Hulle moes lig en lug daarin vat. Dit alles moes hulle doen, om dit ***wat verborge was*** vir die mens, uit te haal en op te vat, om die mens self te verryk.

Vandag sou ek en jy gesê het dat dit wysheid is, maar dit het niks te doen met wat ek en jy sê nie. *Dit het alles te doen met wat sê God.*

**1ste VRAAG** (vraag 2 word in die opvolgende lesing behandel)
Kom ons kyk wat sê vers 12. Die Here vra die vraag:
**Job 28:12 Maar die wysheid—waar word dit gevind? En waar is die plek van verstand?**

Nou maak Hy 'n stelling:
**Job 28:13 Die mens ken nie die waarde daarvan nie, en dit word in die land van die lewende nie gevind nie.**

Hier op aarde sal wysheid en verstand nie gevind word nie en die mens ***ken nie die waarde daarvan nie***. Nou begin 'n mens verstaan waarom die Woord sê dat die wat wysheid kortkom, dit van God moet bid. **Jakobus 1:5** En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word

**Job 28:14 Die wêreldvloed sê: In my is dit nie; en die see sê: By my is dit nie.**
**Job 28:15 Fyn goud kan daarvoor nie gegee word nie, en geen silwer as koopprys daarvan afgeweeg word nie.**

- Hier op aarde kan wysheid nie gekoop word nie. Die prys is onberekenbaar.

**Job 28:16 Die goud van Ofir weeg daar nie teen op nie, ook nie die kosbare onikssteen en saffier nie.**
**Job 28:17 Goud en glas kan daarmee nie vergelyk word nie, en vir goue voorwerpe ruil 'n mens dit nie.**

Niks kan met wysheid ***vergelyk word nie***.

Dit laat my dink aan die gedeelte in die Woord van die arm wyse man, wat die hele stad gered het deur sy wysheid. 'n Hele stad word gered deur 'n arm man se wysheid.

Prediker 9:14 daar was 'n klein stadjie en min manne daarin, en 'n groot koning het daarteen gekom en dit omsingel en groot beleëringswerke daarteen gebou.
Pred. 9:15 En daarin is 'n arm wyse man gevind; dié het die stad deur sy wysheid gered, maar geen mens het aan daardie arm man gedink nie.

- Dit is nie kennis nie, dit is wysheid wat hy gehad het en waarmee hy kon funksioneer.
- Jy kan nie wysheid oordra nie.

As jy wysheid kon oordra, sou dit baie maklik gewees het. 'n Mens sou dan iets kon gebruik, soos alles in Einstein se brein en dit net oorgedra het. Jy sou dan dit wat in hom was, in ander mense kon implementeer. Jy sou net kon opbou, maar nou jy kan dit ongelukkig nie doen nie. Jy kan net vir mense daarvan vertel. Mense kan gebruik maak van wat jy vertel, maar hulle kan nie op jou wysheid bou nie.

- Jou wysheid is jou wysheid.

**Job 28:18 Korale en kristal kan nie genoem word nie, en die besit van wysheid is meer werd as korale**

**Job 28:19 Die topaas van Kus kan daarmee nie vergelyk word nie, suiwer goud word daarteen nie opgeweeg nie.**

## 2. Goddelike Wysheid

Dit is baie besonders as 'n mens dink aan dit wat hy van die wysheid sê. As ons die wysheid van God het, kan hierdie wêreld ons nie verstaan nie. Die wêreld kan nie saam met ons praat nie, want ons

-o0o-

praat uit ‘n ander plek en ons praat met ‘n ander mond.  Ons praat net met ‘n ander hart, want dit is die Gees van God.

**1 Korinthiërs 2:14  Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word**.

Dit is die Gees van Wysheid, wat hierdie wysheid aan ons openbaar.   Die mense van die wêreld dink dat daar fout is met ons.  Hulle kan nie verstaan dat ons God by ons planne betrek nie.   Hulle kan ons nie verstaan nie.  Hulle kan nie saam met ons redeneer nie.  Hulle kan nie saam met ons loop nie. Hulle kan nie die pad saam met ons loop nie.  Hulle kan nie saam met ons praat nie, want ons praat uit ‘n ander vlak.

- As ‘n mens uit ‘n vlak van wysheid praat, is dit is nie aardse wysheid nie.  Dit is Goddelike Wysheid.

## Second Temple

From Wikipedia, the free Encyclopedia

The **Second Temple** (Hebrew: הַשֵּׁנִי בֵּית־הַמִּקְדָּשׁ , *Bēṯ hamMīqdāš hašŠēnī*, transl. 'Second House of the Sanctum'), later known as **Herod's Temple**, was the reconstructed Temple in  Jerusalem between c. 516 BCE and 70 CE.



It stood as a pivotal symbol of Jewish faith and identity during the Second Temple period. The Second Temple served as the central place of Jewish worship, ritual sacrifice, and communal gathering for Jews, attracting Jewish pilgrims from distant lands during the three pilgrimage festivals: Passover, Shavuot and Sukkot.

The Second Temple replaced Solomon's Temple, which is presumed to have been built at the same location before its destruction by the Babylonians c. 587 BCE.[1] Construction began under the auspices of the Persian King Cyrus the Great and was completed during the reign of Darius I, signifying a period of renewed Jewish hope and religious revival. According to the Bible, the Second Temple was originally a relatively modest structure built by Jews who had returned  from exile in Babylon under the authority of Persian-appointed governor Zerubbabel, the grandson of Jeconiah, the penultimate king of Judah.[2]

The Second Temple was refurbished and expanded in the first century BCE under the reign of **Herod the Great,** hence its alternative name, Herod's Temple. The temple's transformation resulted in a grand and imposing structure and courtyard, including the large edifices and façades shown in modern models such as the Holyland Model of Jerusalem. The Temple Mount, the platform upon which the Second Temple stood, was also significantly expanded, doubling in size to become the largest religious sanctuary in the ancient world.[3]

In 70 CE, at the height of the First Jewish–Roman War, the Second Temple was destroyed by the Roman army led by Titus during the siege of Jerusalem.[a] The destruction of the Second Temple was a cataclysmic and transformative point in Jewish history,[4] and led to the development of Rabbinic Judaism as the primary form of religious practice among Jews worldwide.++

-o0o-